

ANC Riglyne verdien ons aandag

Verlede jaar het die ANC die Vryheidsmanifes hersien en nuwe grondwetlike riglyne die lig laat sien. Prof Johan Degenaar, hoogleraar in die politieke filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch (regs), bespreek die riglyne.



ONS SAL aandag móét gee aan die ANC se "Konstitusionele Riglyne vir 'n Demokratiese Suid-Afrika". Binnenslands en buitenslands het die politiek so verander dat ons nie die oë kan sluit vir dié her-siene weergawe van die Vryheidsmanifes nie.

Binnenslands ervaar al hoe meer mense politiek as 'n omvattende proses waarin alle politieke groeperinge 'n rol speel, eerder as net 'n stryd tussen opponerende politieke partye.

En in die buiteland het pres. Michail Gorbatsjof se beleid van *glasnost* nie net beweging in die Russiese politiek gebring nie, maar ook in internasionale verhoudinge.

Dit het implikasies ook vir Suid-Afrika en vir die ANC. Die gesprekke tussen Suid-Afrikaners, ANC-lede en verteenwoordigers van die Sowjet-unie is reeds 'n gevolg daarvan.

Dit maak dit nodig dat ons die ANC se standpunte ken en die riglyne is 'n belangrike sleutel daartoe.

Die inleiding tot die riglyne bring onder ons aandag dat 87 persent van die oppervlakte van die land en 95 persent van die produksiemiddele in die hande van blankes is. Ons as blankes moet hierdie feite in gedagte hou wanner die ANC soveel klem plaas op die noodsaaklikheid van politieke en ekonomiese gelykheid vir alle burgers.

Sentraal in die dokument staan aangeleenthede soos 'n nie-rassige demokrasie, die skepping van een Suid-Afrikaanse nasie met beskerming van kultuurverskille en taalregte, 'n handves van menseregte, en vryheid van assosiasie — almal beginsels waarmee die meerderheid van Suid-Afrikaners hulle kan vereenselwig.

Soos in die Vryheidsmanifes, verbind die ANC hom in die dokument tot demokratiese beginsels. Dis in algemene terme geformuleer sodat wye steun daarvoor verkry en oor die besonderhede onderhandel kan word. Iets wat kritici wat kla oor die onvolledigheid van die dokument nie altyd verstaan nie.

Die Sowjet-Unie se raad aan die ANC was om blankes se vrese te probeer beseer en nie sosialisme te sterk te stoot nie. In dié lig moet 'n mens die feit sien dat daar in die dokument duidelik gekies word vir 'n veelparty-staat en 'n ge-

mengde ekonomie. Ook dat die nuwe dokument niks sê van die aanvanklike eis dat myne, banke en monopolie-nywerhede genasionaliseer moet word nie.

Hoe 'n oorgangsperiode na 'n sosiaal-demokratiese post-apartheidsamelewing behoort te lyk, is 'n sentrale probleem

'Die strategie van geweld is nie net kontra-produktief nie. Dit is ook kontradiktories'

in die Suid-Afrikaanse politiek. Mense het nou besef dat die retoriek van nasionalisering en sosialisering nie ideologies verantwoord is nie en dat dit geensins met moderne ekonomiese insigte rekening hou nie.

Kultuur- en taalregte word wel in die ANC-dokument beskerm. Groepregte en federalisme word egter afgewys, want die agterdog is te sterk dat dit gebruik sal word om bestaande bevoorregting te bestendig. Blankes sal dié vrees van die swartes moet verstaan:

In die geval van groepregte en etniese federalisme is die vrees dat die toekenning van hulpbronne en besittings tot voordeel van die reeds bevoorregte groepe sal wees, terwyl geografiese federalisme weer die reeds bevoorregte streke sal bevoordeel.

Daar is verskillende redes waarom die ANC besluit het om sy demokratiese doelwitte weer so sterk onder die aandag van Suid-Afrikaners te bring:

- Die feit dat hy met die strategie van geweld en die mobilisasie van die massas in die swart woonbuurtes nie die verwagte resultate bereik het nie.

- Druk wat op die ANC uitgeoefen word deur Westerse regerings en raad wat aan hom gegee word deur Suid-Afrikaanse kongresgangers dat hy groter sukses sal hê indien hy ontslae kan raak van sy onvermydelike beeld van 'n terreur-organisasie.

- Die invloed van die beleid van *glasnost* (oopmaking) en *perestroika* (herstrukturering) en *demokratizasiya* (demokratisering) deur die Sowjet-Unie op die denke van die ANC.

Dit is opvallend dat die keuse vir redelikheid in die politiek volledig deur die PAC verwerp word omdat dit, soos die Vryheidsmanifes, die swart Suid-Afrikaners sal verdeel en dus die bevrydingstryd sou verswak.

Die PAC wys in dié verband op 'n uitspraak van Robert Sobukwe dat

'Die proses-karakter van die politiek van die toekoms vereis dat al die deelnemers immers gewillig moet wees om hul eie aandeel aan die doodloopstraat van die politiek van die verlede krities in oënskouw te neem'

mense wat in die naam van redelikheid in die bevrydingstryd toegewings begin maak, "verraaiers van Afrika" gebrandmerk moet word.

Een van die stellings in die dokument wat kritiese aandag gekry het, lui dat enige vorm van rassisme en etniese eksklusiwiteit onwettig verklaar moet word.

Dit hou inderdaad 'n gevaar in. Die ANC loop met dié bepaling die risiko om politieke opponente wat 'n etniese basis het, soos Inkatha, onregverdig in die ban te doen. Dit is juis dié vorm van onverdraagsaamheid waarteen in die post-apartheid samelewing gewaak moet word.

Call for clarity on key points of guidelines

Die ANC se konstitusionele riglyne is, net soos die Vryheidsmanifes, 'n belangrike dokument wat die denke van baie Suid-Afrikaners oor die toekoms van ons land medebepaal. Daarom is dit te verwelkom dat dit die demokratiese tradisie so ernstig opneem.

Die dokument maak 'n duidelike keuse vir evolusionêre politiek, vir onderhandeling eerder as blote magsoorname. Ons moet ook onthou dat die ANC die enigste bevrydingsbeweging is wat die Genève-konvensie onderteken het.

Die feit dat die ANC hom verbind tot demokrasie is een van die hoopvolle tekens wat ons toekoms betref en dis een van die hoekstene van die gesprekke tussen Suid-Afrikaners en die ANC.

En dit is presies om dié rede dat die ondemokratiese strategie van geweld wat deur die ANC gevolg word, steeds krities aan die orde gestel moet word.

Die strategie van geweld is nie net kontra-produktief nie. Dit is ook kontradiktories. Hoe kan 'n mens demokrasie voorstaan en kies vir geweld as strategie? Die ANC sal moet beseef dat hy met elke bomaanslag aan geloofwaardigheid inboet en dat die kwaliteit van demokrasie in die post-apartheid samelewing saamhang met die kwaliteit van demokrasie op die weg na 'n onderhandelbare bedeling.

Dit spreek vanself dat dié uitspraak ook geld vir die regering. Ons blankes moet swart Suid-Afrikaners se persepsie van strukturele en fisieke staatsgeweld op hulle lewe nie onderskat nie.

Die proses-karakter van die politiek van die toekoms vereis dat al die deelnemers immers gewillig moet wees om hul eie aandeel aan die doodloopstraat van die politiek van die verlede en die hede krities in oënskouw te neem.

(Met erkenning aan RAPPORT)

The March edition of Democracy in Action reported on the Durban seminar which launched the current series of national workshops on responses to the ANC's Constitutional Guidelines. Following that seminar half day workshops were held in Durban and Pietermaritzburg. This is an excerpt of a report by sociology lecturer Yunus Carrim who attended the Pietermaritzburg workshop.

THE opening session of the Natal discussion was followed by workshops in Durban and Pietermaritzburg that drew about 50 people each. The participants — including businessmen, academics, lawyers, town planners, social workers, religious leaders, political activists, trade unionists, sportsmen, students and others — came from a wide cross-section of political opinion.

Dr Ian Phillips, political science lecturer from Natal University, explained that the ANC had originally planned to publish a fully-fledged draft constitution. This was shelved, however, because the ANC recognised that it does not represent the entire anti-apartheid movement and, more importantly, it believes that a new constitution should be "the product of the deliberations of a sovereign, popularly elected constituent assembly".

The drafting of the constitutional guidelines has to be seen as part of the ongoing process of giving the Freedom Charter a more concrete meaning. Dr Phillips pointed out that the Zimbabwean resistance movement was relatively ill-prepared for the Lancaster House talks — and the ANC wanted to ensure that

Prof Dawid van Wyk ... participated in guidelines workshops in Durban and Cape Town



when negotiations begin in South Africa it is in a much stronger position, with a clear set of guidelines on which there is widespread agreement.

Dr Phillips emphasised that the constitutional guidelines were open to the fullest discussion — and, unlike the government's, were not being imposed from above.

The majority of the participants in the Pietermaritzburg workshop welcomed the publication of the constitutional guidelines and saw it as a bold and significant step in the right direction — but they felt that greater clarity was required on several issues. They felt that the guidelines were still much too

To Page 14

Economic policies delegates' main concern

IDASA's Western Cape office ran a closed ANC Constitutional Guidelines conference late in March

The purpose of the conference was to elicit critical feedback from white South Africans involved in the sectors of law, parliament, academia and business.

Most people who attended agreed that the ANC's constitutional guidelines were a significant contribution to any discussion about the future of South Africa.

In this spirit, many delegates were highly critical. The main problem

that was expressed was that the guidelines were vague and open to a host of interpretations. Indeed, many of the debates were about different interpretations. Were the guidelines setting the stage for the implementation of socialism? Do the guidelines indicate that the ANC is in favour of an independent judiciary? Do they favour a Bill of Rights?

The conference started with inputs from Prof Hugh Corder, and Prof Dawid van Wyk, both of whom had recently discussed the issues with the ANC at the Harare law conference.

After a plenary discussion the con-

ference broke into workshops chaired by Prof Laurie Ackerman (national identity), Prof Sampie Terreblanche (economy, land and workers) and Lee Bozalek (state and franchise).

Clearly, one of the main concerns of this audience was the extent to which the ANC intends to intervene in the economy. Most participants argued against state intervention and expressed concern at any socialist orientation in the ANC.

Everyone agreed that the debate was what was important, and IDASA will be running similar events where different groups can engage in debates about the future.